

## Om die ondenkbare te doen



---

### SABBATMIDDAG

#### **Skrifverwysings vir hierdie week se studie:**

die volgende gedeeltes uit Jesaja – hfst. 50:4-10, hfst. 52:13 tot 53:12, hfst. 53:3-9, asook verse 10-12.

#### **Geheueteks:**

“Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom” (*Jesaja 53:5, OAB*).

**T**oe Lough Fook, ’n Sjinese Christen, hoor van sy landgenote wat as slawearbeiders in myne in Afrika werk, het dit hom diep geraak. Hy wou so graag die evangeliehoop met hulle deel. Die probleem was net dat hy nie toegang tot hulle gehad het nie. Hy besluit toe maar om ’n vyfjaar kontrak te onderteken om daar as slawearbeider te gaan werk. So is hy toe na Demerara geneem, waar hy hom in ’n myn afgesloof en terselfdertyd sy medearbeiders van Jesus vertel het. Lough Fook is ook dood in die myn, maar eers nadat 200 mense van totale wanhoop bevry is, deur Jesus as hul Heer en Heiland te aanvaar. Sulke ongelooflike selfopoffering ter wille van sy medemens! Sjoë, wat ’n voorbeeld! Deur die ondenkbare te doen – deur Homself te verneder en “die gestalte van ’n slaaf aan te neem” (*Fil. 2:7, NAB*) – het Jesus ook die onmoontlike reggekry: vir jou en vir my, en die ganse wêreld wat diep in die put van sonde en verdoemenis was. Vandeesweek val die soeklig op hierdie ongelooflike gebeurtenis wat honderde jare voordat dit gebeur het reeds geprofeteer is.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 6 Maart.*

## Jesaja se toetsende waarheid (*Jes. 50:4-10*)

As Jesaja se bedoeling die blote oordra van inligting was, sou hy al die besonderhede oor die Messias gelyktydig aangebied het. Ten einde sy toehoorders te leer en te oortuig, en hulle 'n ontmoeting met die Dienskneg van die Here te gee, knoop hy egter geduldig aan 'n digte tapisserie van herhalende temas. 'n Mens kan ook sê dat hy dit op 'n simfoniese wyse ontwikkel. Hy laat God se boodskap aan die volk stapsgewys ontvou, sodat elke aspek met betrekking tot die res van die profesie te voorskyn kom. Jesaja is dus 'n kunstenaar, met die innerlike van die toehoorder en leser as skilderdoek.

**Lees Jesaja 50:4-10. Maak 'n opsomming van alles wat hierdie skrifgedeelte sê. Waar in hierdie gedeelte skemer Jesus deur?**

---

---

---

In Jesaja 49:7 het ons gesien hoedat God se dienskneg verag, verwerp en tot 'n “dienaar van regeerders” (*NAB*) gemaak word, maar ook dat “Konings sal sien wat gebeur en sal opstaan, leiers sal buig” (*NAB*). In Jesaja 50 sien 'n mens dat die laagtepunte dieper is vir die sagmoedige leermeester wie se woorde die vermoedies sou verkwik (*Jes. 50:4*). Die oorwinningspad gaan deur tye van fisieke mishandeling (*Jes. 50:6*). Dié soort kastyding vervul moderne Westerse [en dalk ook verwesterse] kulture met afgryse. Vir die Ou Nabye Oosterlinge was eer egter 'n ongelooft ernste kwessie – vir die individu en sy/haar mense. As jy iemand beledig en op die wyse wat in Jesaja 49 beskryf word, mishandel, beter jy jou goed bewapen. Die geringste kans, en die slagoffer en sy clan sak op jou toe, ten einde die skending van hul eer te wreek. Neem byvoorbeeld koning Dawid, wat die Ammoniete aangeval en ingeneem het (*2 Samuel 10:1-12*), en dit net omdat daardie koning “Dawid se gesante gevat en die een kant van hulle baard afgeskeer, hulle klere net onderkant die heupe afgesny, en hulle... [net so huis toe gestuur het]” (*2 Sam. 10:4, NAB*). Maar dan lees 'n mens in Jesaja 50 dat die dienskneg van God geslaan word, dat sy baard uitgepluk word, en dat daar op hom gespoeg word. Die rede hoekom hierdie mishandeling 'n internasionale, kosmiese insident word, is omdat die slagoffer in hierdie geval die gesant van die Koning van konings is. Om die waarheid te sê, toe ons Jesaja 9:6 en 7 asook Jesaja 11:1-16 met ander skrifgedeeltes wat ook oor dienaar-figure gaan, vergelyk het, het ons gesien dat die dienskneg in hoofstuk 49 inderwaarheid die Hemelkoning Self, die magtige Bevryder van Bo is! Ten spyte van al die mag tot sy beskikking en sy bomenslike eer, red Hy nie Homself nie. Dit is verbysterend! Vir die destydse mense was dit vreemd, hulle kon dit nie verstaan nie. Let op die leiers se woorde terwyl Jesus aan die kruis hang: “Ander het hy gered. Laat hy homself red as hy die Christus is wat deur God uitverkies is” (*Luk. 23:35, NAB*); en ook: “Hy is mos die koning van Israel! Laat hy nou van die kruis afkom en ons sal in hom glo” (*Matt. 27:42, NAB*).

## Ballade van die lydende Dienskneg (Jes. 52:13 tot 53:12)

Met Jesaja 52:13 tot 53:12 – wat ’n mens dalk in Afrikaans “Die Ballade van die Lydende Dienskneg” kan noem – bevestig Jesaja sy reputasie as die sogenaamde “evangelie-profeet.” Dit is net so uitmuntend as die Vier Evangelies en troon uit bo ander literatuur. Hoewel dit ongelooflik kort is, is elke sinsnede propvol betekenis. Dit onthul die aard en wese van God se ondenkbare liefdedaad, naamlik om die verlore mensdom van die verdoemenis te red. Hier het ons nie “die melk” van Jesaja se boodskap nie, maar “die vaste kos.” Hy het inderdaad sy toehoorder hierop voorberei deur die Messiaanse tema reeds in die eerste gedeelte van sy boek te begin ontwikkel. Jesaja volg die basiese verloop van die Messias se lewe op aarde. Hy begin met Jesus se verwekking en geboorte (*Jes. 7:14*), stel Hom voor as ’n Dawidiese koning (*Jes. 9:6, 7*), brei uit oor die herstel van Israel (*Jes. 11:1-16*), asook die Messias se stille bediening ten einde sy volk uit ongeregtigheid en lyding te bevry (*Jes. 42:1-7*). Dan onthul Jesaja ’n kontrasterende tema in die Messias se epiese sending, naamlik tragedie wat deur triomf gevolg word (*hfst. 49:1-12, hfst. 50:6-10*). Dit is op dié punt dat “Die Ballade van die Lydende Dienskneg” die duiselingwekkende dieptes van tragedie betree.

**Keer terug na die gedeeltes wat in die bogenoemde paragraaf aangegee word. Wat sê elk van daardie gedeeltes oor Jesus as die Messias. Hoe berei dit die leser voor op die dinge wat in Jesaja 52 en 53 beskryf word? Of maak dit bloot die kontrasterende gebeure in Jesaja 52 en 53 des te meer aangrypend?**

---

Jesaja 52:13 tot 53:1 stel die gedig bekend. Voorts bied dit die leser ’n inleiding met ’n verstommende kontras: die Dienskneg sal voorspoedig wees en uiteindelik verhef word, maar Hy sal onherkenbaar geskend word. ’n Mens kan dit byna nie glo nie! In Jesaja 53:2 en 3 begin dinge skeef te loop. Die fokus verskuiwe vanaf die Dienskneg se oorsprong en nederige herkoms, na die smart en verwerping wat Hy sou beleef. Jesaja 53:4-6 staan vir ’n wyle stil, en bepeins die feit dat die Dienskneg se lyding in werklikheid óns straf is, wat Hy nietemin verduur sodat ons genesing kan smaak. Jesaja 53:7-9 bring die Dienskneg se lydingsweg tot by die dood. In Jesaja 53:10-12 ontvang die Dienskneg die verhewe beloning wat aan die begin van die gedig, in Jesaja 52:13, genoem word. ’n Verdere insig aangaande die Dienskneg se soendood kom ook aan die lig – naamlik dat God dit so beskik het. Vergelyk ook hierdie gedig met die V-vormige struktuur wat ’n mens in Filippense 2:5-11 bespeur. Jesus begin waar Hy gelykvormig aan God is. Daarna kom die skerp val. Hy sit sy Goddelikheid opsy en kom af aarde toe, waar Hy die vorm van ’n mens aanneem en sodoende ’n gevangene van die menslike bestaan word. Dié vernedering beweeg spoedig in die rigting van die dood. Dit bereik boonop ’n algehele laagtepunt wanneer Hy die laagste soort dood – ’n kruisdood – sterf. Dít is die punt van die V. Daarna is dit skerp opwaarts, met God wat Hom so hoog verhef dat almal Hom as Here moet bely (*vgl. Jes. 49:7*).

## Wie sal dit glo? (*Jes. 52:13 tot 53:12*)

In Jesaja 52:13 word die Dienskneeg van die Here tot die mees verhewe vlak verhef. Dan, die skielike wending in die daaropvolgende teksvers: die Dienaar lyk so misvormd dat Hy “nie meer die voorkoms van ’n mens... het nie” (*NAB*). Die Nuwe Testament beskryf die aard van die geweld wat tot die verminking van Jesus gelei het. Hy is onder meer ge gesel, ’n doringkroon is op sy kop gedruk, en Hy is gekruisig. Wat meer is, Hy moes die ganse mensdom se sonde dra. Neem in ag dat sonde nooit bedoel was om eie aan die mens te wees nie. Die feit dat Jesus dit moes dra, het gemaak dat die “Seun van die mens” nie meer soos ’n mens gelyk het nie. Vergelyk dit met die verhaal van Job. Hoe vêr het hy net nie geval toe hy oornag sy rykdom, mag en eer kwyt was nie! Hy is tot ’n jammerlike sukkelaar gereduseer, wat in sak en as op die grond sy pynlike swere met ’n potskerf gesit en afkrap het (*Job 1 en 2*). So groot was die verskil tussen die gesonde en die siek Job, dat sy vriende hom skaars herken het (*hfst. 2:12*). Dit laat ’n mens wonder: hoekom moes die arme Job dan so ly? En nou ook die Messias hier? Nie een van die twee het dit verdien nie. Albei was onskuldig. So, wat is die nut van dié lyding?

**Lees deur vandag se uiteengesette teksverse. Skryf al die plekke neer waar onskuldige partye vir die skuldiges moes ly. Wat leer ’n mens hieruit? Wat is die hoofsaak?**

---

---

---

---

Kyk na die vrae in Jesaja 53:1. Hierdie vrae beklemtoon ’n bepaalde uitdaging, naamlik om te glo in dinge wat die verstand te bowe gaan (*vgl. Joh. 12:37-41*), en vra dat ons hare op ons tande vir die res van die storie moet hê. Hierdie vrae impliseer ook ’n oproep. Binne hierdie konteks impliseer die ooreenkoms tussen die twee vrae dat die “arm van die Here” – oftewel die “mag van die Here” om te red (*vers 1, OAB en NAB, vgl. Jes. 52:10*) – aan dié wat dit glo, geopenbaar word. Wil jy God se reddende mag ervaar? Dan moet jy daarin glo.

**Lees versigtig deur Jesaja 53:6. Watter spesifieke boodskap word hier tuisgebring? Wat sê hierdie teksvers vir jou persoonlik, ’n boodskap wat jou ten spyte van die sonde en flaters van die verlede hoop gee?**

## Ons is die onbereikbares! (*Jes. 53:3-9*)

Soos 'n kwesbare plant, op die oog af sonder 'n spesiale nut, en boonop verag (*Jes. 53:2, 3*) – dit is hoe die Lydende Dienskneg hier uitgebeeld word. In enkele spronge neem Jesaja 'n mens van die Dienskneg se sorgvrye jeugjare reg tot by die rantjie van trauma. Ten spyte van die toekomsblikke wat in vorige hoofstukke gegee word, is die leser steeds nie gereed vir die daaropvolgende gebeure nie. Hoe so? Omdat ons reeds [twee millennia later] weet wat met Hom gaan gebeur. Ons weet wat nou met Hom gaan gebeur en is dus op ons gemak. Tog sê Jesaja dat die Kindjie – wat die vergestaltung van vrede, die Vredevors is – vir ons gebore is en dat ons hom moet koester. Hoewel ander Hom verag het, weet ons mos van beter, want ons weet wie Hy is. Soos iemand eenmaal tereg opgemerk het: “Ons het die vyand ontmoet, en dit is ons.”

Hierdie is egter nie die eerste keer dat 'n dienskneg van God verag en verwerp word nie. Hy is nie die eerste lydende dienskneg nie. Koning Dawid het al hierdie dinge beleef toe hy voor sy seun Absalom gevlug het (*2 Sam. 15:30*). Die lyding wat Jesaja se Dienskneg egter moes duurmaak, is nie sy eie nie. Dit is nie die gevolge van sy eie sonde nie. Hy dra ook nie net 'n enkele persoon se sondelas nie, want die profeet sê: “die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom” (*Jes. 53:6, OAB*). Dit laat 'n mens wonder: maar hoekom dan? Die antwoord op dié vraag – die rede vir die Dienskneg se lyding – is die waarheid waarmee Jesaja ons konfronteer: God het die mens lief en daarom kies die Messias om te ly. Maar hoekom kies Jesus dan dié vreeslike lydingsweg? Dan, die ongemaklike waarheid, die waarheid wat seermaak: Hy kies om te ly ten einde die onbereikbare te bereik – en die onbereikbare is óns!

Diegene wat nie mooi verstaan hoe dit werk nie, meen dat die Dienskneg “deur God geslaan en verdruk” is (*Jes. 53:4, OAB*). Dit is soos Job se vriende wat gemeen het dat sy sonde die oorsaak van sy lyding was. Jesus se dissipels het presies dieselfde fout gemaak, met die vraag: “‘‘Rabbi, deur wie se sonde is dit dat hierdie man blind gebore is: sy eie of sy ouers s'n?’’” (*Joh. 9:2, NAB*). Diegene wat Jesus aan die kruis sien hang het, het waarskynlik gedink: hierdie man moes vreeslik teen God gesondig het! Moses het immers gesê: “wie [aan 'n paal] opgehang word, is deur God vervloek” – nie waar nie? (*Deut. 21:23; vgl. Num. 25:4*).

Tog het God al hierdie dinge so beskik (*Jes. 53:10*). Die vraag is net: hoekom? Omdat “Christus... ons losgekoop [het] van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word” (*Gal. 3:13, OAB*); want “God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees” (*2 Kor. 5:21, NAB*). “Hoe hoog is die prys wat vir ons betaal is net nie! Aanskou die kruis en die Slagoffer wat daar tussen hemel en aarde hang. Kyk na sy hande, wreed deurboor met spykers. Kyk na sy voete as't ware met penne aan 'n paal vasgespyker. Óns sondes het Christus in sy liggaam gedra. Daardie lyding, daardie trauma, is die prys van óns verlossing” (Ellen G. White, *God's Amazing Grace*, bl. 172).

## 'n Transformerende vergoedingsoffer (Jes. 53:10-12)

**Wat beteken dit dat die Dienskneg “sy lewe as skuldoffer [ge]gee” het (Jes. 53:10, NAB)?**

---

Die Hebreëus verwys hier na 'n “vergoedingsoffer” (*Lev. 5:14 tot 6:7, Lev. 7:1-7*), wat kon opmaak vir dinge wat 'n mens doelbewus aan ander gedoen het (*Lev. 6:2 en 3*). Op hierdie tipe sonde fokus Jesaja pertinent (*hfst. 1-3; hfst. 10:1 en 2, asook hfst. 58*). Wat meer is, die bepaalde ding wat die slagoffer verloor het, moet deur die sondaar aan hom teruggegee word, insluitende 'n boete. Hierdie dinge gebeur voordat die sondaar sy offerande kan bring ten einde vergifnis by God te ontvang (*Lev. 6:4-7; vgl. Matt. 5:23, 24*). In die geval van die onopsetlike misbruik van iets wat aan God behoort, moes die Here Self vergoed word (*Lev. 5:16*).

Nou verstaan 'n mens Jesaja 40:2, waar God sy verbanne volk vertroos deur vir hulle te sê dat hulle nou genoeg vir hul sondes vergoed het. Na die vergoeding moet daar egter 'n offerande wees. Dit lyk soos volg in Jesaja 53: Die Dienskneg van God is nie soos 'n ram nie, maar 'n lam wat ter wille van sy afgedwaalde volk (*Jes. 53:6*) na die slagpale gelei word (*Jes. 53:7*). Die Dienskneg word “afgesny... uit die land van die lewendes” (*Jes. 53:8, NAB; vgl. Dan. 9:26*), heeltemal verteer deur die vlamme van die soenoffer wat vir ons hoop gee. Tog keer Hy terug uit die dood. Ja, Hy keer terug uit die dood waarvandaan niemand ooit terugkeer nie, om verhef te word, en daarna 'n “nageslag” (*NAB*) voort te bring, en 'n lang lewe te geniet (*Jes. 53:10-12*).

**Soek die volgende bybelverse op. Hoe bring elkeen basies dieselfde boodskap as Jesaja 53 tuis?**

**Ps. 32:1, 2** \_\_\_\_\_

**Rom. 5:8** \_\_\_\_\_

**Gal. 2:16** \_\_\_\_\_

**Fil. 3:9** \_\_\_\_\_

**Heb. 2:9** \_\_\_\_\_

**1 Pet. 2:24** \_\_\_\_\_

## Vir verdere studie:

“Aan die kruishout het Christus ons sonde in sy eie liggaam gedra... Dink net aan die omvang van die sondeprobleem siende dat geen sterweling daarvoor kan vergoed nie! Dink aan die geweldige vervloeking wat sonde oor ons gebring het, siende dat net die Godheid dit geheel en al tot ’n einde kan bring! Christus se soendood is ’n getuigenis aan die ganse mensdom dat die loon van die sonde die dood is... Ai, dit is asof die gewete van die mens deur ’n duistere mag bekoor en lamgelê word, en wat maak dat ons nie die influisterende Gees kan hoor nie!” (Ellen G. White, *Our High Calling*, bl. 44). “God het dit so beskik dat sy wet deur die dood van sy eniggebore Seun verheerlik sou word. [Aan die kruis] het Christus die sondeskuld van die ganse wêreld op Hom geneem. Slegs deur die vleeswording en dood van die Seun van God is daar vir ons ’n ewige uitkoms. Hy kon ly omdat sy Goddelikheid Hom deurgedra het. Hy kon die pyn verduur omdat Hy nie ’n sweempie sonde of ontrouheid in Hom gehad het nie. Met hierdie straf wat Hy op Hom geneem het, ten einde reg en geregtigheid in die heelal te bring, het Christus ter wille van die mens getriomfeer. Hy het vir ons die ewige lewe bekom en het terselfdertyd die wet van God verheerlik. Hy het dit weer sy regmatige ereposisie gegee” (Ellen G. White, *Selected Messages*, boek 1, bl. 302).

## Vrae vir bespreking:

- 1. In Jesaja 53:7-9 bereik die Dienskneg die donkerste dieptes van pyn: Hy gaan dood en word begrawe. Watter aspekte van hierdie profetiese bybelverse is aan die einde van Jesus se lewe vervul? Matt. 26:57 tot 27:60, Mark. 14:53 tot 15:46, Luk. 22:54 tot 23:53, Joh. 18:12 tot 19:42.**
- 2. Kyk na die tweede Ellen G. White-aanhaling hierbo, wat sê dat Christus deur sy dood die wet van God verheerlik het. Wat bedoel sy daarmee? Hoe is dit dat Jesus se dood ’n bewys van die ewigdurendheid van God se wet is?**

**Opsomming:** Na beskrywings van die geboorte, identiteit en sending van God se Verlosser, onthul Jesaja die kosmiese tragedie wat ons hoop gee: God se Dienskneg neem vrywilliglik ons straf en lyding op Hom ten einde sy verlore volk te bereik, te red en te genees.